



verslae, en ná 'n hofsaak juis hieroor wat die NG Kerk verloor het, het die sinode nie danig baie beweegruimte nie. Die hooggeregshof het die besluite van 2016 se buitengewone algemene vergadering van die kerk, met sy baie negatiewe besluit oor gay verbintenisse, tersyde gestel en beslis dat onbillike kerklike diskriminasie teen gay mense ongrondwetlik is. En, wil ek byvoeg, onbybels is. Die gebod dat jy vir God bo alles moet liefhê en jou naaste soos jouself vorm immers die kern van die Bybel. Deur homoseksuele mense 'n lewensverhouding "in liefde en trou" te misgun, maar dit as heteroseksuele mens vir jouself op te eis, het jy jou gay naaste nie lief soos jy jouself het nie! Hou ook in gedagte dat "homoseksualiteit" soos ons dit vandag verstaan, 'n 19de eeuse begrip is wat die Bybel nie ken nie.

> Gaan die NG Kerk terug in die modderige water van besluitloosheid?

Die algemene sinode van 2019 se versigtige besluit het *Die Burger* in 'n hoofartikel laat hoop dat dit groter rustigheid in die kerk sal bring.

"Uiteindelik neem die besluit niks van niemand weg nie, maar sluit aan by 'n inklusiewe werklikheid in die hedendaagse wêreld waarin die NG Kerk hom bevind." Die koerant voeg by dat dit 'n tyd lank was asof die gay-kwessie "bykans alle suurstof van diskoers" in die NG Kerk opgeneem het – "dit terwyl daar vele ander brandende kwessies is wat aandag verg".

Sonder om vir 'n oomblik te vergeet van al die ander krisisse waarmee ons land deesdae te kampe het, beland daar egter wel van tyd tot tyd op 'n kerk, of 'n land, se tafel 'n saak wat "bykans alle suurstof" opneem omdat dit in daardie stadium van die opperste belang geword het om daaroor uitsluitsel te kry.

So was dit met apartheid en die NG Kerk se jarelange worsteling daarmee; so is dit met die gay-saak. In albei gevalle was en is dit so belangrik omdat dit op stuk van sake oor ons mensbeskouing gaan. Dit gaan oor die vraag of mense minder mens is omdat hulle swart of wit of bruin of vrou of man of jonk of oud is, en of hulle minder mens is omdat hulle gay of lesbies, LGBTIQA+, is.

Dis sake wat gerus maar 'n ruk lank "bykans alle suurstof" van ons diskoerse kan opneem omdat dit op die ou end bepalend is vir ons heersende mensbeskouing. Dit was 'n verwerplike mensbeskouing wat toegelaat het dat honderde duisende swart mense van Wes-Afrika as slawe na die VSA verskeep is. Of dat 27 000 Boerevroue en -kinders (en nog duisende swart mense) aan die begin van die 20ste eeu in Britse konsentrasiekampe in Suid-Afrika dood is. Of dat ses miljoen Jode, met geel Dawidskruise gemerk, in konsentrasiekampe vergas is. Of dat duisende gays in Duitse "navorsingsprojekte" doodgemaak is. Of dat swart en bruin mense se menswaardigheid deur apartheid geskend is. Of dat geweld teen vroue en kinders en plaasmoorde steeds in ons land hoogty vier.

Dit gaan altyd weer oor die vraag: Is sommige mense minder mens as ander, of is alle mense net maar mense, geskape na God se beeld, en moet hulle onder alle omstandighede as sodanig behandel word? Die kerk word telkens weer met hierdie vraag gekonfronteer. En sukkel alte dikwels met die antwoord.

Ongelukkig het die dolerendes en hul dreigemente van skeuring en uittrede uit die kerkverband ná die 2019- algemene sinode byna alle suurstof in die kerk opgeneem, en om uitvoering te gee aan die positiewe aspekte van die sinodebesluit oor gays het min, indien enige, aandag gekry. Van "herstellende geregtigheid" teenoor gay mense was in die praktyk min sprake.

Die 2023- algemene sinode staan voor 'n kruispad. "Regs" of "links"? Finaal, onherroeplik, óór die Rubicon of terug in die modderige water van besluitloosheid?

■ **Frits Gaum was skriba van die "Sinode van Versoening" in 1994.**

# Statiese spel is nie die speler se skuld

**Vervolg van bl. 9**

Die spel het meer staties geraak. In een Superrugby-wedstryd van die destydse Cats het ek 87 agtereenvolgende fases getel. Grond toe en dan weer grond toe. 87 keer. Hemel, sonder dat dit 'n enkele punt opgelewer het.

Ál meer voorspelbaar. Ál meer gestruktureerd en minder individualisties. Risiko was taboe. Skop was die nuwe manier van aanval. 'n Goeie verdedigingsafrigter het die beste ding sedert gesnyde brood geword. Aanvallende afrigters het soos tikmasjiene en stoomtreine uit die mode geraak.

Die reëlmakers het die spel toe ook sommer 'n oordosis chloroform toegedien wat rugby se opwindende kant aan die slaap gesus het – als in die naam van kontinuïteit.

Die skrum het 'n berekening geword wat Einstein sou dop. En of die baldraer of die verdediger die werklike oortreder by die afbreekpunt is, sal nie eens 'n Sherlock Holmes kan ontrafel nie. Dat spelers met die afskop voor die bal mag en kan wees, maar dit taboe is in die res van die spel, is 'n ewe groot raaisel as waarom die skrumskakel die bal skeef mag en kan ingooi by die skrum, maar 'n skewe ingooi by die lynstaan gestraf word. Dis twee vaste fasette van die spel.

> Aanvallende afrigters het soos tikmasjiene en stoomtreine uit die mode geraak.

Die twee hervat-fasette ná spel is gestop. Die reël van reguit ingooi is van toepassing op albei. En tog.

Slotte en flanke speel dikwels senter en vleuel, losskakels moet kan hoog skop en terugval, senters hardloop deur beton (of probeer ten minste) en vleuels se grootste bate nou is om in die lug te kan rank om lugskoppe te bemeester of druk op die opponentvanger te plaas.

Die snydokters van destyds is vandag se ambagsmanne. Die kunstenaars is gewone verwers.

Die speler is nie te verkwalik nie. Die eise wat aan hom gestel word, is astronomies. Speeltyd, fisiek, reis en aanpas. En die kontrak.

Hul liefde en passie vir die spel is ook sigbaar op die veld. Dit gee steeds af aan die ondersteuner en toeskouer.

Hulle word oorspeel en stomp af. Hulle raak voorspelbaar. Afrigters druk hulle om die risiko laag te hou.

Faf de Klerk was 'n woerts-warts van 'n skrumskakel wat kon breek so giftig as wat hy kan skop en verdedig. Nou skop en verdedig hy net. Omdat die afrigters so sê.

SuperSport, pleit ek, wys vir ons die Faf van agt jaar gelede en vergelyk daai videosnitte met die Faf van nou. Ditto Handré Pollard.

Ja, Faf-hulle speel vir die wen. Vir die Wêreldbeker-titel. Vir sy afrigter (se pos-oorlewing).

Hy omarm die wen-manier van eerder sonder die bal speel as met die bal. Wen is lekker.




**Kunstenaar: Kurt-Lee Arendse.**
| FOTO: SYDNEY SESHIBEDI

Hoog skop, foute afdwing en hopelik daaruit munt slaan, is die nuwe manier van aanval. Vir die res verdedig jy net.

**As kunstenaars weer skilder**

En tog.

Alles bly in 'n staat van verandering. So ook rugby. En kliënte dikteer. Ook in rugby.

Toeskouers het begin wegsyfer en so ook unies se inkomste. Op die sypaadjiehoek by Nuweland, Loftus, Ellispark en Kingspark het 'n verslete ou kêrel in 'n rugbytrui gesit met 'n plakkaat waarop geskryf is: "Wees gewaarsku: Die einde is naby!"

John Dobson is een van 'n hele paar afrigters wat in die sombere tyd die lig gesien het. Die aandrang was groot vir vernuwing. Om die spel se risikokant te versoen met die status quo – om eerder sonder die bal te speel. Om kunstenaars weer te laat skilder eerder as om mure te verf. Maar om terselfdertyd 'n Steven Kitshoff en Frans Malherbe steeds toe te laat om opponente fisiek te boor. Paul Roos se telegram-boodskap van destyds aan Flip Nel is vandag nog van toepassing. Dit kan net nie die alfa en omega wees nie.

**'n Nuwe ou rigting**

Onder afrigters met Dobson se visie beweeg rugby weer in 'n rigting om soos in die "ou tyd" 'n spel vir groot en klein, lank en kort, maer en dik te word.

My belewenis met die nuwe het my abdikasie gekeer.

Rugby het weer 'n betekenis. Wen is wat my betref amper alles. Die spel is vir my wel alles. En die mooi is dat ras en kwotagetalle nie meer oor braaivleisvure 'n gesprek is nie. En gee Rassie Erasmus *kudos* daarvoor.

100 000 sitvlakke op stoele by die Stormers se laaste twee wedstryde is 'n mosie van vertroue in rugby se "vernuwing". So ook die volksfees ná Kurt-Lee Arendse se kunswerk-drieë vir die Bokke.

So, Chris, my vriend: Dis nog nie nag om die Grote te groet nie. Ek kan Dok Craven hoor sê: Rugby is die wenner!

■ **Bokkie Gerber is 'n voormalige sportredakteur en redakteur van *Rapport* – en steeds Saterdae op sy pos as 'n man wat wéét.**